HOËRSKOOL BERGVLIET

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL

GRAAD 9

TAAK 5

TOTAAL: 70 **MEI 2024** **TYD: 1 UUR 30 MINUTE**

EKSAMINATRISE: B. JACOBS **MODERATOR: VAKSPAN**

INSTRUKSIES EN INLIGTING:

Lees die volgende instruksies noukeurig deur voordat die vrae beantwoord word.

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

   AFDELING A: KYK- EN LEESBEGRIP (40)

   AFDELING B: OPSOMMING (10)

   AFDELING C: TAAL (20)
3. Trek ‘n streep na elke afdeling.
4. Nommer die antwoorde presies soos die vrae genommer is.
5. Skenk veral baie aandag aan spelling en sinskonstruksie.
6. Skryf netjies en leesbaar.
7. Voorspoed!

Hierdie vraestel bestaan uit 12 bladsye.

AFDELING A: KYK- EN LEESBEGRIP

VRAAG 1

Lees die volgende tydskrifartikel en beantwoord die vrae wat volg.

TEKS A

'Please call me'-man: Oornag een van die heel rykste mense in die land.





1 Rykdom as kind het Nkosana, aan die Oos-Rand van Gauteng, nooit geken nie. Oor sy ma en pa wil hy nie praat nie. Hy is grootgemaak deur sy ouma, 'n tuisteskepper, en sy oupa, wat in 'n staalfabriek gewerk het.

2 Hulle het hom streng grootgemaak. Smiddae ná skool moes hy eers sy huiswerk klaarmaak en sy ouma met haar take help voor hy die stofstrate kon invaar om sokker te speel.

3 "Hul grootste droom was vir my om op my eie voete te kan staan," vertel hy.

4 En hy het hulle nie teleurgestel nie. Hy het gaan studeer en op 18 sy eie geld begin verdien. Maar hy het nooit kon droom dat hy eendag skatryk gaan wees, moontlik selfs as een van die rykste mense in die land.

5 Kenneth Nkosana Makate, alombekend as die "Please Call Me Guy", lag diep uit sy maag.

6 "Dit was nooit my doel om ryk te word nie." Nkosana is die een wat eerste die idee gehad het vir die Please Call Me-diens.

7 Danksy dié diens kan jy 'n SMS aan iemand stuur as jou lugtyd op is. Die ontvanger kry dan 'n outomatiese boodskap om die sender terug te bel. Die diens was jare lank uiters gewild.

8 "Ek was 'n intern en besig om deeltyds te studeer om 'n rekenmeester te word toe ek aan die idee gedink het," vertel hy aan Huisgenoot.

9 Destyds was hy en sy vrou, Rebecca, nog in 'n langafstandverhouding.

Sy het medies studeer aan die Universiteit van Natal en was soos baie studente gereeld platsak.

10 “Ek het alewig gesukkel om haar in die hande te kry.” sê hy.

11 Dis die gesukkel om sy geliefde in die hande te kry wat die idee van ’n gratis “Please Call Me”-SMS by hom laat opduik het. Wanneer die ontvanger dan terugskakel, genereer die oproep geld vir die selfoondiensverskaffer.

12 “My idee is baie goed deur Vodacom ontvang. Hulle was opgewonde en het begin kyk of dit tegnies moontlik is.” Vodacom het belowe om hom te vergoed daarvoor, sê hy.

13 Maar al het hy al agt jaar by hulle gewerk, het hy nooit ’n sent daarvoor gekry nie. “Ek het later my prokureurs aangestel.

14 “Ek het in dié tyd probeer om met my lewe aan te gaan. Ons het drie dogters gehad en ek het in my beroep gegroei. Ons het gereis en ek het later eers die geveg teen Vodacom gewen.”

15 “Net my jongste spot oor wat sy graag met al die geld wil doen.”

16 “Ek wil ’n verskil maak in my gemeenskap.” Sodra die geld uitbetaal word, wil hy op ’n vakansie gaan en in Indië gaan leer mediteer. Maar ophou werk, sal hy nie.

[468 woorde - Netwerk24]

1.1 In watter provinsie woon Nkosana? (1)

1.2 Nkosana kom van ’n ryk familie af.

Sê waarom die stelling ONWAAR is. (1)

1.3 Haal EEN woord aan wat sê dat Nkosana se ouma ’n huisvrou was. (1)

1.4 Noem TWEE dinge wat Nkosana eers moes doen voordat hy sokker kon gaan speel. (2)

1.5.1 Kies die KORREKTE woord tussen hakies om die sin te voltooi.

“Hul grootste droom was vir my om op my eie voete te kan staan,” vertel hy.

Hierdie woorde impliseer dat hulle wou hê hy moet eendag (**onafhanklik/afhanklik**) wees. (1)

1.5.2 Hoe oud was Nkosana toe hy sy op sy eie voete kon staan? (1)

1.6 Hoe sou Nkosana se lewe verander volgens paragraaf 4? (1)

1.7.1 Wat is Nkosana se bynaam? (1)

1.7.2 Waarom het hy hierdie bynaam gekry? (1)

1.8 Hoe werk die Please Call Me-diens? Noem TWEE dinge. (2)

1.9 “Die diens was jare lank uiters gewild.”

Sê of die volgende sin ’n feit of mening is en gee ‘n rede vir jou antwoord. (1)

1.10 Haal VYF agtereenvolgende woorde aan wat sê waarvoor Nkosana geleer het. Paragraaf 8. (1)

1.11 Haal EEN woord aan wat sê dat Nkosana en Rebecca se verhouding nie maklik was nie. Paragraaf 9. (1)

1.12.1 Kies die KORREKTE antwoord tussen hakies om die sin te voltooi.

“en was soos baie studente gereeld platsak.”

Hierdie woorde het (**letterlike/figuurlike**) betekenis. (1)

1.12.2 Gee ’n rede vir jou antwoord in 1.12.1 deur te sê wat die woorde beteken. (1)

1.13.1 Watter tipe werk wou Rebecca eendag doen? (1)

1.13.2 Waar het Rebecca studeer? (1)

1.14.1 Rebecca was altyd beskikbaar vir Nkosana se oproepe.

Sê waarom die stelling ONWAAR is. (1)

1.14.2 Hoe het jou antwoord in 1.14.1 vir Nkosana geïnspireer? (1)

1.15 Wie, volgens paragraaf 11 sou die geld ontvang vir die Please Call Me-diens? (1)

1.16 Haal EEN sin aan uit paragraaf 12 wat sê dat Vodacom van Nkosana se idee gehou het. (1)

1.17 Dink jy, dat Nkosana se verhaal ’n gelukkige einde het?
Antwoord ja of nee en gee ‘n rede vir jou antwoord. (1)

1.18 Sou jy sê dat Nkosana ’n goeie rolmodel vir tieners is?
Antwoord ja of nee en gee ‘n rede vir jou antwoord. (1)


[25]

VISUELE GELETTERDHEID

STROOIBILJET

Die vrae wat volg is op die strooibiljet hieronder gebaseer.

TEKS B



1.19 Waaroor wil die strooibiljet jou inlig?
Begin jou antwoord so: Dit wil jou inlig oor … (1)

1.20 Haal EEN woord aan wat die vorm van die bloublasie beskryf. (1)

1.21 Waarmee steek die bloublasie jou? Haal EEN woord aan as antwoord. (1)

1.22 Hoe lank is die gedeelte waarmee die bloublasie jou steek? (1)

1.23 Noem TWEE dinge wat jy moet doen wanneer 'n bloublasie jou steek. (2)

1.24 Noem TWEE dinge wat jy NIE moet doen NIE as ’n bloublasie jou steek. (2)

1.25 Jy mag koue water gebruik om verligting te bring as ’n bloublasie jou steek.

Sê waarom die sin ONWAAR is. (1)

1.26 Kies die korrekte antwoord om die sin te voltooi.

Bloublasie kom (**by riviere/by strande**) voor. (1)


[10]

EN

ADVERTENSIE

Bestudeer die onderstaande advertensie en beantwoord die vrae wat volg.

TEKS C



1.27 Wat is die naam van die winkel waar jy jou skoolbehoeftes kan koop? (1)

1.28 Wat omtrent die kinders se gesigsuitdrukking wys dat hulle tevrede is met die winkel se produkte? (1)

1.29 Noem TWEE dinge wat jy by hierdie winkel kan koop. (2)

1.30 Watter woord sal jou oortuig om hierdie produkte te koop? Haal EEN woord aan. (1)

[5]

AFDELING A TOTAAL: 40

TROTS Afrikaans

AFDELING B: OPSOMMING

VRAAG 2: Laat jou kos só langer vars bly.

INSTRUKSIES:

- Skryf **SEWE (7) WENKE neer** oor hoe jy jou kos langer kan laat vars bly.
- Skryf elke **WENK** in ‘n volsin neer.
- Nommer die sinne van **1 tot 7**.
- Laat ‘n reël tussen die sinne oop.
- Jou opsomming mag nie langer as **70 woorde** wees nie.
- Dui die korrekte aantal woorde aan die einde van die opsomming aan.

TEKS D

Laat jou kos só langer vars bly.





1. Miljoene rande se voedselprodukte beland jaarliks op die ashoop, aangesien mense wêreldwyd nie weet hoe om hulle kos behoorlik te stoor sodat dit vars kan bly nie. Moneyboat.co.uk het ’n paar wenke saamgestel om jou weeklikse kruideniersware se rakleeftyd langer te laat hou.

2. Jy kan die leeftyd van die melk verleng deur ’n knippie sout daarby te voeg, aangesien sout ’n preserveermiddel is. Afhangende van die tipe melk wat jy gebruik, kan dit van vier tot tien dae in die yskas vars bly.

3. Gooi die plastieksakkies van jou kaas weg en draai eerder jou harde kase in perkament- of bakpapier toe. Dit laat die kaas toe om asem te haal en nie uit te droog nie.

4. Dit is ’n goeie manier om al jou vrugte en groente te ontsmet van bakterieë wat dit vinniger laat afgaan. Gooi jou groente in ’n asynoplossing en laat dit vir 15 minute lê. Spoel dit dan ordentlik af voordat jy dit in verskillende verpakkingshouers bêre.

5. Sodra dit afgedroog is behoort bessies in ’n lugdigte glashouer saam met ’n droë papierhanddoek gebêre te word. Die papier absorbeer die oortollige vog, wat dan verhoed dat muf ontwikkel en groei.
6. Hou piesangs apart van ander vrugte. Piesangs skei ’n gas af, wat veroorsaak dat ander vrugte wat met dié gas in aanraking kom vinniger ryp word.
7. Vars kruie kan in olyfolie in ysbakkies gevries word vir perfekte porsies. Dié metode kan ook vir vars knoffel en gemmer gebruik word.
8. Die meeste neute en sade het ’n leeftyd van drie tot ses maande. Om die leeftyd te verleng moet neute in koel, donker plekke gestoor word. As jy dit in die vrieskas bêre kan dit langer vars bly.

[280 woorde – Maroela Media]

AFDELING B TOTAAL: 10

AFDELING C: TAAL IN KONTEKS

VRAAG 3: PRENT

Bestudeer die prente en beantwoord die vrae wat volg.

TEKS E





“Water” het in die topvyf-liedjies op treffersparades oor die wêreld heen beland, en was ook die mees gestroomde Afrobeats-liedjie op Spotify vir 2023. Die musiekvideo is ook reeds meer as 95 miljoen keer gekyk.

[MaroelaMedia]

3.1 Sê of die volgende ‘n **STELSIN**, **VRAAGSIN** of **BEVELSIN** is.

3.1.1 Wie het die ‘Water’ lied gesing? (1)

3.1.2 Tyla was by die Grammy's vir haar uitsonderlike vertoning. (1)

3.2 Gee die **MEERVOUD** van die woord tussen hakies.

Tyla en haar mede-uitvoerders was by die Grammy's vir hul uitsonderlike (vertoning). (1)

3.3 Vorm 'n **SAMESTELLING** met die woorde tussen hakies.

(musiek + ster) (1)

3.4 Skryf die volgende sinne oor in die korrekte **WOORDORDE**. Begin soos aangedui.

3.4.1 (om geld in te samel) (sing) (Tyla) (môre) (by die konsert) (gaan).
Begin so: Tyla … (1)

3.4.2 (Tyla) (is) (se) (by die bal) (pragtig) (rok).
Begin so: By die bal … (1)

3.5 Skryf die onderstaande sin in die **VERLEDE TYD**.

Ek kan net so mooi soos Tyla sing. (1)

3.6 Beantwoord die onderstaande sin in die **ONTKENNENDE VORM**.

Hou jy van Tyla se musiek? (1)

3.7 Skryf die getal in hakies in woorde uit.

Tyla se liedjies is meer as (**65**) keer op die radio gespeel. (1)

3.8 Gee die **VERKLEINING** van die woord tussen hakies.

Tyla se (rok) is die mooiste wat ek al ooit gesien het. (1)

[10]

VRAAG 4: PRENT

Bestudeer die prent en beantwoord die vrae wat volg.

Maroon sanger beïndruk Suid-Afrikaners.

TEKS F





4.1 Skryf die onderstaande sin in die **TOEKOMENDE TYD**.

Adam het Suid-Afrikaanse harte warm laat klop. (1)

4.2 Verander die onderstaande sin in 'n **VRAAGSIN**.

Hy het die skare by die musiekfees in Afrikaans toegespreek. (1)

4.3 Skryf die onderstaande sin in die **INDIREKTE REDE**.

Die sanger het gesê: "Julle lyk baie mooi." (1)

4.4 Verbind die onderstaande sinne met die **VOEGWOORD** tussen hakies.

My vrou het Afrikaans grootgeword. Ek gee haar gereeld komplimente in Afrikaans. (daarom) (1)

4.5 Kies die KORREKTE woord tussen hakies.

Die sanger het gebieg dat Afrikaans 'n "baie moeilike taal" is en dat hy vir Prinsloo vooraf **(raat/raad)** gevra het oor wat om vir die Suid-Afrikaanse skare te sê. (1)

4.6 Skryf die onderstaande sin in die **TEENWOORDIGE TYD**.

Sy het voorgestel dat hy vir die skare ook komplimente gee. (1)

4.7 Skryf die onderstaande sin in die **ONTKENNENDE VORM**.

Adam se vrou was altyd ’n model vir Victoria Secret. (1)

4.8 Skryf die onderstaande sin **OOR** en begin soos aangedui.

Dié kostelike oomblik is op TikTok vasgevang.

Begin so: Op TikTok.... (1)

4.9 Identifiseer of die volgende sinne ‘n **ENKELVOUDIGE** OF ‘n **SAAMGESTELDE** sin is.

4.9.1 Die kinders het die konsert bygewoon. (1)

4.9.2 Ek het gister ‘n groot prys by die konsert gewen en daarna het dit uit my hande uitgeglip. (1)

[10]

AFDELING C TOTAAL: 20

GROOTTOTAAL: 70